Sondag **3 Maart**

**Skrifgedeelte: Romeine 5:1-11 (AFR33/53/2020)**

**Fokusgedeelte: Romeine 5:1-2 (AFR33/53/2020)**

**Vrede by God! Toegang tot God! Hoop op die lewe saam met God!**

Het jy hierdie bogenoemde kosbare besittings? Al hoe jy kan weet of jy hierdie dinge het, is om te glo dat jou verhouding met die Here totaal reggemaak is. Die een en enigste manier hoe jou verhouding met die Here reggemaak kan word, is as die Here self jou regverdig maak. Dit ontvang jy slegs deur genade alleen, deur geloof alleen, deur Christus alleen, met die Heilige Gees wat dit alles aan jou skenk.

So lui die oorspronklike Griekse woordorde van vers 1: *"Nou dan, ons is regverdig gemaak uit geloof, vrede het ons by God deur onse Here Jesus Christus ..."*

Wat is regverdigmaking? Dit is die genadehandeling van God waardeur Hy sy ware kinders uit genade *vryspreek* van skuld *EN* sonde en hulle die *geregtigheid* en *voldoening* van Christus *toereken*. So word ons bevry van ons erfsonde en sondeskuld, en ons word die volkome gehoorsaamheid van Christus geskenk om die reg te hê om *vrede* by God te hê, en *toegang* tot Hom te ontvang, nou en vir die *hoop* op die toekoms.

Regverdigmaking is vir Christenskap soos sjokolade vir 'n sjokoladekoek. Jy kan nie sjokoladekoek hê sonder die sjokolade nie. Net so kan jy nie Christenskap hê sonder regverdigmaking nie. Geen mens kan self sy verhouding met die Here regmaak nie. Vir mense wat so glo en dink, sê Paulus in Galasiërs 5:4: "Julle wat geregverdig wil wees deur die wet is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval." Geen mens kan die hele wet van God nakom nie, behalwe Christus wat die wet en die profete kom vervul het (Matt. 5:17).

Jy gaan nooit werklik weet jy het vrede, toegang en hoop op God as jy nie in jou hart jou regverdigmaking in Christus alleen jou eie maak nie. Bid daaroor, gooi af daardie wêreldse denke dat jy jou eie vrede, toegang en hoop op God moet verdien. Mag die Gees van God jou die waarheid van die Christelike geloof, dit is regverdigmaking uit genade alleen, deur geloof alleen, in Christus alleen skenk!

*Sing: Psalm 32-1:1, 6*

*Ds. MW (Thinus) Kruger (Newcastle)*